

**AFDELING A****Vraag 1**

- 1.1 Oor die algemeen goed, veral die maatsoorteken. Losstaande agstenote was die algemeenste fout.  
1.3.1 Die meeste kandidate het die vraag moeilik gevind. Slegs enkele kandidate kon die vraag korrek beantwoord.  
1.4 en 1.5 Oor die algemeen goed beantwoord. Foute hoofsaaklik as gevolg van haastigheid.  
1.6 Oor die algemeen goed beantwoord.

**Vraag 2**

- 2.1 en 2.2 Redelik goed beantwoord.  
2.3 Eilike kandidate het nie die vraag verstaan nie. Kandidate het dikwels die solfa-notasie van die sopraanlyn gegee. Baie kandidate was onseker van die ritme en toonhoogte van solfa-notasie.

**Vraag 3**

- 3.1 Baie kandidate was onseker oor die struktuur van die pentatoniese toonleer. Die afgaande toonleer het ook sommige kandidate verwar. Kandidate was ook onseker of hulle die boonste oktaafnoot moes insluit of nie.  
3.2 Kandidate moet versigtig lees. Daar was ook verwarring tussen F en F kruis majeur.  
3.3 Verwarring oor die aantal note in hierdie toonleer. Sommige kandidate het die oktaafnote bygetel en sommige nie.

**Vraag 4**

Die meeste kandidate het probleme met die tonaliteit van die melodieë gehad. Die meeste kandidate het die vioelmelodie beantwoord, maar die b-mol, wat slegs 'n toevallige teken was, het hulle verwar.

**Vraag 5**

Die antwoorde het gewissel van uitstekend tot baie swak. Die laat beginners het nie die nodige vaardighede bemeester nie.

**AFDELING B****Vraag 6**

- 6.1 Baie kandidate het nie die vergelykings getref nie, maar die inhoud was oor die algemeen bevredigend.  
6.2 Slegs 'n paar kandidate het besef dat die geskiedenis van Suid-Afrikaanse jazz ook bespreek moes word.

**Vraag 7**

- 7.1 Oor die algemeen goed beantwoord.  
7.2 Oor die algemeen goed beantwoord, maar kandidate kon dikwels nie die Romantiese eienskappe van die musiek uitlig nie en het dan slegs die werk beskryf of die storie vertel.

**Vraag 8**

Oor die algemeen goed beantwoord, maar kandidate het dikwels nie die vroeë behoorlik gelees nie en punte verbeur omdat hulle vergeet het om die naam van die werk en/of die komponis te noem.

**Vraag 9**

Goed beantwoord, maar kandidate moes hulle antwoorde beperk tot die styleienskappe van die musiek.

**Vraag 10**

Goed beantwoord.

**Vraag 11**

Bevredigend beantwoord.

**Vraag 12**

Die meeste kandidate het die vraag 12.1 (Khumalo) bevredigend beantwoord. Vraag 12.2 (Van der Watt) is swak beantwoord en slegs enkele kandidate het 12.3 (Khosha) beantwoord.

**Vraag 13**

Goed beantwoord.

**Vraag 14**

Die instruksies op die vraestel was vaag, wat daartoe gelei het dat die meeste kandidate nie hulle keuse van werk aangedui het nie. Baie kandidate het nie hierdie vraag beantwoord nie.

**Vraag 15**

Goed beantwoord. Die meeste kandidate kon vir Mickey raad gee oor wat hy moes doen.